HOËRSKOOL BRANDWAG

DIE BAND VAN GRYS EN GROEN

DIE BAND VAN GRYS EN GROEN

Hoogstraat 8 / Privaatsak X62
Uitenhage
6230
PRINCIPAL: S.G. ZIETSMAN

Telephone: 041- 922 8188
Fax: 041 – 922 7354
E-mail: skoolhoof@brandwag.co.za
Web: www.brandwag.co.za

26 Januarie 2018

Geagte Ouers

Te midde van 'n baie druk sport-en kultuurprogram is ons volstoom op pad na die Herfstoetsreeks wat reeds op Donderdag 1 Maart 2018 begin. Die toetsreeks vind soos velede jaar op 'n gestruktureerde manier plaas sonder om onnodig akademiese tyd in te boet maar met inagneming daarvan dat die skool se normale sport,kultuur en ander aktiwiteite onverpoos voortgaan. **Die skool sluit elke dag om 13h00**, om leerders die geleentheid te gee om genoegsaam voor te berei vir toetse, maar steeds nie hulle buitemuurse-aktiwiteite af te skeep nie. 'n Enkel vak vir senior leerders vind wel in 'n middagsessie (13h00-14h00) plaas

Neem asseblief kennis dat hierdie 'n toetsreeks is en nie 'n volledige eksamen nie daarom is die toetssessie slegs vanaf 7:45-9:00 elke oggend, waarna die normale lesperiodes in aanvang neem ter afhandeling van die kurrikulum. **Na afloop van die toetsreeks neem die normale klasse weer in aanvang op Dinsdag 20 Maart tot Woensdag 28 Maart 2018 wanneer die skool sluit vir die vakansie en rapporte beskikbaar sal wees. Ons wil u asseblief vriendelik, tog dringend versoek om toe te sien dat u kind wel hierdie tydperk elke dag skool getrou bywoon.**

Elke leerder ontvang ook n assesseringsprogram saam met die Herfstoetsrooster. Hierin word die datums van alle take/toetse/werkstukke en opdragte vir Kwartaal 1 vervat. Hierdie dokument word kwartaaliks uitgehandig sodat u op hoogte kan wees van presies op watter datum u kind 'n assesseringstaak moet verrig. Ons poog om hierdeur u beplanning ook te vergemaklik.

Akademie groete

_____

E Roux
Adjunkhoof - Akademie